# SKOLEBEDIENING: Week van Gebed – Dag 2

**Benodighede**: Gewone water en bottel Sprite met stickers op wat lees Ou Mens en Nuwe Mens, blaaitjies, penne

**Doel van les:** Om te bid dat die Here ons sal help om anders te leef dat ander Hom kan sien in ons.

**Aktiwiteit en les (5 min):**

Deur Jesus se dood en opstanding het ons 'n nuwe lewe in Hom. Lees: 2 Korinthiërs 5:17: Iemand wat aan Christus behoort, is 'n nuwe mens. Die oue is verby, die nuwe het gekom.

Hou die bottel met water op. Voordat ons ons harte vir Jesus gee, is ons soos hierdie bottel. Nie veel gaan aan nie. Daar is nie lewe nie. (Gooi water in glas.) Heel boring.

Hou nou die bottel met Sprite in die lug. Wanneer ons ons harte vir Jesus gee, gebeur daar iets amazings. Hy vat daai ou boring mens en maak ons nuut. Hy maak ons vol van Sy lewe. Maak die Sprite oop. Luister sommer as ons dit oopmaak, klink dit anders. (Gooi dit uit in glas) Kyk al die borrels. Soveel anders as die ou mens ne?

- **Tyd vir stil gebed (5 min)**: Bid dat God jou sal help om reg te leef hierdie jaar, al is dit hoe moeilik. Skryf een ding op die blaaitjie neer wat jy sommer nou dadelik gaan probeer doen om vir ander te wys dat jy 'n nuwe mens in Jesus is.

- **Afsluiting (5 min):** Plak die blaaitjie op die commitment plakkaat om te wys dat jy onderneem om hierdie jaar nuut te leef.